INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Bron nr. 0 0 3 5 | Datum 9 7 1 1 1 9 3 2 3 | Onderwerp nr. 8 | Knipsel nr. 1 4 9 4 8

Beeld Jg.......... Nr.......... P. / Dat. 19 NOV 1997

# 'Bevoordeeldes' dalk gedwing om slagoffers te help, sê Omar

Adri Kotzé

Die ANC het gister gewaarsku dat Suid-Afrikaners wat deur apartheid bevoordeel is, deur wetgewing gedwing kan word om apartheidslagoffers te vergoed as hulle dit nie vrywillig doen nie.

Mnr. Dullah Omar, minister van justisie en lid van die ANC se lessenaar vir waarheid en versoening, het op 'n perskonferensie in Johannesburg gesê prof. Sampie Terreblanche se voorstelle verlede week oor 'n welvaartbelasting moet Suid-Afrikaners laat wakker skrik.

"Die ANC neem kennis van die moed van mense soos prof. Sampie Terreblanche, wat 'n voorstel gedoen het wat wit Suid-Afrikaners, veral sakelui, geruk het om die erns van die situasie te besef."

Terreblanche het verlede week op die WVK se sitting oor die rol van die sakesektor in die apartheidstydperk 'n heffing op welvarende individue met 'n netto batewaarde van R2 miljoen voorgestel.

Verskeie ekonome het in reaksie gesê welvaartbelasting is onprakties en sal nie armes help nie.

Omar glo egter dat die sakesektor en diegene wat by apartheid baat gevind het, "opofferings moet begin doen".

"Dis nie genoeg om net in vae terme te sê die staat moet sorg vir herstel en rehabilitasie nie.

"Die belastingbetaler sal daarvoor moet betaal. 'n Mens kan nie die staat en die belastingbetaler skei nie.

"Ons erken dat daar groot beperkings op die begroting is en herstel moet beskou word as 'n deel van die verantwoordelikheid van alle Suid-Afrikaners, veral diegene wat by apartheid baat gevind het."

Volgens Omar sal die aard van die wetgewing, wat nodig sal wees om te verseker dat voorsiening gemaak word vir herstel en rehabilitasie, afhang van die WVK se aanbeveling.

"Wat in die wetgewing vervat word, sal afhang van hoe die verskeie sektore van Suid-Afrika nou ag slaan op ons oproepe.

"Hoe meer vrygewig die reaksie is, hoe makliker sal dit vir die parlement wees om mense te kry om bydraes te lewer."

Die Afrikaanse Handelsinstituut se voorstel dat die Sasria-fonds aangewend word om die slagoffers van apartheid te vergoed, moet oorweeg word.

"Dit is egter nie 'n alternatief vir 'n ware en betekenisvolle bydrae deur die sakesektor nie."

Volgens Omar is dit nie genoeg vir professionele liggame en die sakesektor om te sê 'n welvaartbelasting is nie die aangewese weg nie. Hulle moet konkrete alternatiewe voorstel.

TREFWOORDE

1 Omar, D.
2 Vergoedings
3 Wetgewing
4 Sakelui
5 Blankes
6 Skadevergoedings
7 Slagoffers
8 Verantwoordelikheid
9 Belasting
10 Rykdom